



---

Die Evangeliese Boodskap: Lees asseblief die volgende deur *db Die Boodskap*

Genesis 1:1 *In die begin van alle tyd het God die hemel en die aarde gemaak.*

Romeine 3:23 *Ons almal is sondaars. Nie een van ons leef tot God se eer nie*

Johannes 8:34 *"Dis eenvoudig: as jy sonde doen, is jy tog 'n slaaf; die sonde se slaaf, nie waar nie?" sê Jesus*

God het ons geskep, maar as gevolg van ons sondige natuur ken ons Hom nie. Sonder God is ons lewens betekenisloos asook doelloos. Die gevolg (die prys wat ons betaal) van ons sondige natuur is die dood; spiritueel asook fisies. 'n Spirituele dood beteken om van God verwyderd te wees. 'n Fisiese dood is die verganklikheid van die menslike liggaam. As ons in ons sonde (as sondaars) sterf sal ons vir ewig van God verwyderd wees en sal ons in die hel beland. Hoe kan ons onself van sonde red en terugkeer na God? Ons kan onself nie red nie, dit is onmoontlik vir 'n sondaar om hom- of haarself te red. (net soos 'n drenkeling hom- of haarself nie kan red nie) Net so kan ander ons nie red nie, want ons is almal vol sonde. (een drenkeling kan nie 'n ander drenkeling red nie, albei het hulp nodig) Ons het iemand nodig wat sondeloos is (wat nie besig is om te verdrink nie) om ons van ons sonde te red. Slegs 'n sondelose persoon kan ons red. Hoe om 'n sondelose mens in 'n sondige wêreld waar almal sondig te vind?

Romeine 6:23 *Ek sê weer: as 'n mens jou hele lewe lank vir die sonde werk, is die dood jou beloning. So eenvoudig is dit. God gee egter aan ons die ewige lewe verniet. Dit is sy geskenk aan ons wanneer ons in Christus Jesus as ons Here glo*

Johannes 3:16 *"God het bewys hoe lief Hy die wêreld het. Hy het sy unieke Seun na die wêreld toe gestuur sodat elkeen wat in hierdie Seun glo, nie verlore sal gaan nie, maar vir altyd saam met God kan leef*

Matteus 1:23 *"'n Jongmeisie wat nog nie by 'n man geslaap het nie, gaan binnekort geboorte aan 'n seun gee. Hulle sal hom Immanuel noem." (As 'n mens hierdie Hebreeuse naam vertaal, beteken dit: God is hier by ons.)*

Johannes 8:23 *"Julle is kinders van hierdie ou aarde. In hierdie wêreld is julle wortels ingeslaan. My wortels lê egter nie in hierdie wêreld ingeslaan nie. Nee, Ek kom uit die hemel.*

Markus 1:11 *Net toe weerklink 'n stem uit die hemel: "Jy is my Seun. Ek het Jou lief en Jy maak My bly."*

Johannes 8:36 *As die Seun van God dus sê julle is vry, is julle regtig in God se gesin vry*



Johannes 3:3 *Jesus antwoord hom toe: "Weet jy, Ek wil nou vir jou iets belangriks sê. As iemand nie nog 'n keer gebore word nie, sal hy sowaar nie deel word van die ryk waar God Koning is nie."*

Johannes 1:12 *Daar was egter uitsonderings. Daar was mense wat Hom met oop arms ontvang het. Hulle het Hom en dit waarvoor Hy staan ten volle in geloof aanvaar. Omdat hulle so op Hom vertrou, het Jesus alles vir hulle gedoen wat nodig was om God se kinders te word*

God, ons Skepper wat ons baie liefhet, het vir ons die oplossing gegee. Uit Sy onmeetlike liefde vir ons het Hy Sy eie Seun, Jesus, gestuur om vir ons sonde te sterf. Jesus is sondeloos want hy is nie van dië wêreld nie en terwyl Hy op die aarde was het hy die duiwel se versoeking weerstaan. Sy lewe het God in die hemel tevrede gestel. Jesus het ons sonde op Sy skouers geneem en het aan die kruis gesterf daarvoor. Hy is ons Verlosser. (Jesus kan ons red want Hy is nie 'n drenkeling nie) Die doel van Jesus se dood aan die kruis is om die prys te betaal vir ons sonde. Sy dood was ons sonde weg en die gebroke verhouding met God word so herstel. Ons word deur die krag van God uit die spirituele dood opgewek. Die nuwe verhouding word wedergeboorte genoem. Dit vernuwe die doel van ons skepping en bestaan en verskaf aan ons 'n ware betekenis en 'n doel om te lewe.

Johannes 11:25 *"Dit is nie wat Ek bedoel nie," sê Jesus. "Ek is die Een wat mense laat opstaan uit die dood en aan hulle die lewe gee wat nooit ophou nie. "As iemand waarlik 'n Christen is, kan hy mos nooit geestelik doodgaan nie. Al sterf sy liggaam, het hy nog die ewige lewe.*

Romeine 6:9 *Ons glo dit omdat ons weet dat Jesus, nadat Hy uit die dood opgestaan het, nooit weer sal doodgaan nie. Die dood het nie meer 'n houvas op Hom nie*

Handelinge 2:24 *Maar God het Hom weer lewendig gemaak. Hy het al die bande van die dood van Jesus afgegooi en Hom lewendig daar laat uitstap*

Romeine 14:9 *Dit is tog hoekom Christus gesterf en weer lewendig geword het sodat Hy die Here oor die dooies en die lewendes kan wees*

Handelinge 1:11 *Een van die mans vra toe vir die dissipels: "Hoekom staan julle so na die hemel en kyk? Dink julle dat julle nooit weer vir Jesus gaan sien nie? Hierdie selfde Jesus wat nou voor julle oë na sy hemelse woonplek toe vertrek het, sal op presies dieselfde manier na julle toe terugkom."*

Watter bewys is daar dat die opoffering wat Jesus gemaak het deur vir ons sonde te sterf deur God in die hemel aanvaar is? Die bewys is die opwekking van Jesus uit die dood deur God. Deur die opstanding is dit bewys dat Jesus die dood oorwin het (met ander woorde, die



dood het geen mag oor Hom nie). Ons kan dus leef omdat Jesus leef. Sy lewe in ons gee ons lewe. Hy het opgestaan, dus leef Hy vandag.

Johannes 5:24 *"Sowaar, die persoon wat luister na wat Ek sê en daarom glo in Hom wat My gestuur het, het nou reeds die lewe saam met God wat nooit einde sal kry nie. Dié persoon hoef nie bang te wees dat hy met die finale oordeel weer voor die regterstoel van God sal hoef te verskyn nie. Die besluit oor hom is klaar geneem. Hy het mos nou reeds uit die kloue van die geestelike dood oorgegaan in die wonderlike lewe wat God gee.*

Johannes 10:9 *Ek is vir julle soos 'n hek vir die skape. Ek is die hek deur wie julle na die weivelde van vrede en vriendskap met God kan stap. Deur My kry julle alles wat julle geestelik nodig het. Enigiemand wat sê dat julle op 'n ander manier by God kan uitkom, gaan julle net op 'n pynlike pad sit; die pad hel toe!*

Johannes 14:6 *Jesus sê toe: "Laat Ek dit so stel: Ek is die 'pad' en my Vader die 'adres'. Wie hierdie pad loop, kom by die ware lewe uit. As iemand 'n ander pad loop, sal hy nooit by my Vader uitkom nie*

Johannes 8:24 *Daarom kan Ek vir julle sê dat julle besig is om God heeltemal mis te loop. Glo in My. Glo dat Ek is wie Ek sê Ek is. Anders gaan julle sonder God sterf. Elke sonde wat julle gedoen het, sal dan teen julle tel."*

Handelinge 4:12 *Jesus is nou die belangrikste Persoon in die hemel. Daar is geen ander manier hoe julle in die regte verhouding met God kan kom as deur Hom nie. Niemand anders in die hemel of hier op aarde kan julle nou red nie."*

Romeine 10:13 *Elkeen wat uitroep: "Here, help my!" sal gered word, maak nie saak wie hy is nie*

Romeine 10:11 *Die Bybel sê immers: "Niemand wat in God glo, sal ooit met leë hande wegstap nie."*

Romeine 2:11 *Mense se afkoms maak regtig nie vir God saak wanneer Hy oordeel nie. Hy trek niemand voor nie*

Romeine 3:22 *Mense wat in Jesus Christus glo, word nou deur God van hulle sondes vrygespreek. Dit geld vir elkeen wat glo*

Romeine 10:9 *En ek sê vir mense om dit te glo. Dit is baie maklik om gered te word. Al wat jy moet doen, is om met jou woorde te erken Jesus is die Here en om met alles in jou te glo God het Hom uit die dood laat opstaan*



Hoe kan ons sonde verwyder word en ons dië nuwe lewe ontvang? Deur in Jesus as ons Heer en Redder te glo. As ons ,ons sonde bely en Jesus versoek om ons te vergewe en te red,sal Hy dit doen.Jesus is die Seun van God wat na die wêreld gekom het om vir ons sonde te sterf.Enigiemand op die aarde wat hy/sy vertrou in Hom plaas sal vergifnis van God ontvang,sal gered word van hul sonde (en die hel ) en sal 'n nuwe lewe van God ontvang.God is nie bevooroordeel nie.Hy word nie beïnvloed deur die streek waar ons bly,die taal wat ons praat ,of ons ryk of arm,manlik of vroulik,jonk of oud is en of ons enige ander fisiese verskille het nie.Almal wat glo en bely sal deur Jesus gered word. Hier volg 'n gebed om te bid as u sou besluit om Jesus te volg :

*Vader in die hemel,dankie dat U ,U Enigste Seun gestuur het om vir my sonde te sterf sodat ek 'n nuwe lewe vanuit die hemel kan hê.Ek het berou oor my weë en vra om vergifnis vir my sonde. Ek glo in Jesus en ontvang Jesus as my Heer en Redder.Help my en lei my na 'n lewe wat U behaag in dië nuwe lewe wat U aan my gegee het.Amen*

As u die bostaande gebed gedoen het,vra God om u na 'n kerk te lei om by te woon.Praat gereeld deur gebed met God en God sal met u praat.Luister na die stem van God.God sal u lei.Hy is lief vir u en sal na u omsien.U kan hom vertrou.Hy faal nooit diegene wat op Hom vertrou nie.God is 'n goeie God.U kan op Hom vertrou vir u lewe.Bring u behoeftes na Hom toe.Hy gee om vir u en Hy sal u seën.God sê:'Ek sal jou nooit verlaat of versaak nie.'Glo in God.Wees geseën deur Jesus.

Lees die Bybel gereeld,begin met Johannes.Vir verdere internetbronne [klik hier](#):